**GEBED OM DIE REGTE EN HOUVAS VAN <u>DEMONIESE SIELSKOPIË (DSK'S)</u> AF TE BREEK EN HULLE KRAG TE VERMINDER**

(Hierdie gebed kan gebid word deur persone wat vermoed dat hulle DSK's in hulle het terwyl hulle nog wag om bedien te word.)

Vader, ek kom voor U troon in die naam van U Seun en my Verlosser, Jesus Christus. Ek verklaar dat ek hierdie gebed nie in my eie krag en outoriteit bid nie maar in die krag en outoriteit van die Helige Gees wat in my woon.

Ek verklaar verder:

1.

Dat 'n demoniese sielskopie ("DSK") 'n sielsdimensie is van iemand wat deur demoniese werking gekopieer en ingevoeg is in my sielsdimensie en liggaam, meestal as gevolg van bloedlynvloeke maar ook as gevolg van sonde in my eie lewe en/of trauma wat ek deurgemaak het.

2.

Ek bind elke DSK wat in my sielsdimensie en liggaam werk. Julle sal gebind bly totdat daar met julle gehandel word en julle sal soos daar geskrywe staan julle knie buig voor Jesus en met julle tong bely dat Jesus Christus die Verlosser is.

3.

Ek sny ook elke DSK in my af van die demone wat hulle in plek hou en hulle krag gee. Hulle word ook afgesny van elke ander DSK in my van wie hulle mag krag trek. Hulle is nou elkeen geisoleer in 'n geestelike "bubble" en ek bid ook dat Jesus 'n heining van vuur om elkeen sal optrek.

4.

Ek verbied julle om enige krag van ander DSK's of demone wat julle in plek hou te trek of om enige boodskappe te stuur of te ontvang. Julle word ook verbied om enige ander demone of DSK's in te trek om die houvas oor my te versterk.

5.

Ek verbied julle spesifiek om krag van enige altaar, gebou of monument af te trek wat as 'n oop portaal dien na die duisternis. Ek sny julle af van al hierdie en ander demoniese vestings regoor die wêreld en ook van alle planete en sterrestelsels waarvan julle mag krag trek.

6.

Ek beveel enige DSK en demoon om onmiddellik julle planne en stategieë teen my te stop. Ek sny julle in die gees van mekaar af. Elke saad wat julle geplant het sal verdor en nie verder wortel skiet nie.

7.

As daar meer as een kopie van enige spesifieke DSK in my sielsdimensie is, dan beveel ek julle om in die naam van Jesus Christus te konsolideer tot een kopie elk. Julle sal nie weerstand bied of wegkruip nie. Konsolideer **nou** in die Naam van Jesus Christus.

8.

Ek herinner elke DSK en demoon daaraan dat ek in Jesus Christus geanker is, dat ek in Hom reeds verseker van oorwinning is en dat ek die Ewige Lewe het. Ek is ook op grond van Jesus se bloed wat vir my gestort is verseker dat ek in my sielsdimensie en liggaam oorwinning oor enige houvas en vloek wat julle het en in plek hou, sal verkry. Die dag van afrekening het vir julle aangebreek. Ek kies om in Christus op te staan en ek kies om nie langer die leuens wat julle in my gedagtes, emosies en liggaam in plek hou, te glo en te huisves nie. **Ek kies nou die lewe en nie die dood nie.**

9.

Ek vergewe elke persoon in my voorgeslagte wat ‘n DSK in my mag wees vir hulle ongeregtigheid en sonde tydens julle leeftyd en vir die bloedlynvloeke wat hulle so oor my en my kinders gebring het. Ek pleit Jesus se bloed oor my, my kinders en oor my voorgeslagte. Ek knip ook nou in die gees alle onheilige sielsbande met elke DSK wat moontlik in my is. Jesus ek vra ook dat U U kruis sal plant tussen my en hulle.

10.

In die naam van Jesus Christus my Verlosser beveel ek elke DSK in my om nou in ‘n ry te gaan staan en wag vir Jesus se oordeel oor julle. Julle staan in die gees in volgorde van sterkste na swakste sodat die hoof van elke demoniese vesting eerste aangespreek kan word. Ek verklaar in die naam van Jesus Christus dat julle klaar oorwin is en dat julle oordeel en uitsetting voorhande is.

11.

Intussen, totdat julle geoordeel en uitgesit word, sal julle gebind bly en in geen opsig my in siel of in liggaam (of geestelik) lastig val nie.

Ek verklaar al hierdie dinge in die naam van Jesus Christus wat met Sy eie bloed vir my vrymaking en verlossing betaal het.

**AMEN**